ORANJEKAS ORANJENUUS 3/ 2018
21 Februarie 2018

Vier maande het al weer verloop sedert Oktober verlede jaar se **Oranjenuus** aan ons lede. Oranjekas wil graag sekere inligting met sy aandeelhouers deel en die geleentheid ook gebruik om die verandering in bankfooie bekend te stel. Dit word op bladsye 3 en 4 uiteengesit.

Ledebesoeke

Oranjekas se lede is oor die hele land versprei en byna al hulle bankdienste vind elektronies plaas, daarom is Oranjekas altyd bly as lede persoonlike besoeke aflê. Daar is maandeliks gemiddeld 118 besoeke en ongeveer 350 telefoonoproepe; die meerderheid bankdienste en kommunikasie vind oor die internet plaas. Besoekers by Oranjekas word vinnig in hulle eie taal gehelp en hoef nie in rye te wag nie. Lede maak altyd spesiaal melding hieroor en sê dat dit een van die vele redes is waarom hulle liewer by Oranjekas wil wees.

Studielenings

Daar is tans twintig studente wat met Oranjekas lenings studeer.

Drie studente het hulle studies die afgelope jaar met sukses voltooi en daar word met trots in hulle vreugde gedeel. Die een student het haar onderwysdiploma verkry, die ander een haar mediese doktersgraad en die derde een sy argiteksgraad. Hulle toekomstige loopbane word met belangstelling dopgehou want hulle verbintenis met Oranjekas is blywend.

Die voorwaardes op studielenings is ontwerp om in die behoeftes van studente te voorsien en gedurende studiejare word slegs rente gedelg met terugbetaling wat eers begin wanneer 'n afgestudeerde 'n betrekking verkry het.

☎ 012 754 5454 kontak@oranjekas.co.za Collinslaan 1241, Môregloed 0186

Ledetal

Die ledetal groei steeds en staan tans op 1027 lede. Die toename in jonger lede is verblydend en voorspel ’n belowende toekoms vir Oranjekas.

Oranjekas was sedert sy ontstaan hoofsaaklik deur ouer lede gedra en hulle vorm steeds die grootste deel van Oranjekas se lede-basis. Dit is hulle idealisme en lojale ondersteuning wat ons in staat stel om hierdie finansiële instelling aan die volgende generasie toe te vertrou. Die lede van Oranjekas sluit nie net individuele persone in nie, maar ook besig-hede en verskeie organisasies waar hulle lede se maandelikse bydraes van oral in die land deur Oranjekas gevorder word en in die organisasies se spaarrekenings by Oranjekas inbetaal word.



Aandelekapitaal

Dit is belangrik dat Oranjekas se aandelekapitaal verder uitgebrei moet word. Weens die onlangse afsterwe van lede, waarvan enkeles aansienlike hoeveelhede aandele gehou het, was dit nodig dat hulle aandelekapitaal in die boedels inbetaal word. Na ’n spesiale beroep op ons lede, asook nuwe lede, is aandelekapitaal weer besig om toe te neem.



Oranjekas bied tans ’n spesiale geleentheid met besondere goeie rentekoerse aan lede wat hulle aandeel-houding wil verhoog. Dit staan bekend as die 50/50-aandele-opsie. Aandele kan opgeneem word en ’n ooreenstemmende bedrag vir drie jaar teen 17% of vir vier jaar teen 18% per jaar op ’n vaste deposito belê word. Aan die einde van die termyn kan ’n lid sy

☎ 012 754 5454 kontak@oranjekas.co.za Collinslaan 1241, Môregloed 0186

aandele teen die aankoopwaarde aan Oranjekas terug verkoop of die aandele behou. Intussen kan die rente op enige stadium getrek word of op die belegging bly groei wat dan die rentebasis verder verhoog. Die rentekoers bly aan die primarentekoers gekoppel.

Lede se behoeftes

Benewens gewone bankdienste is daar ook ander produkte wat besonder gewild is onder Oranjekas se lede. Enkele van die produkte is die Studielenings, Kitslenings en Slimspaar.

Masterkaart : Die debietkaart word reeds lank deur lede gebruik en positiewe terugvoering is van lede ontvang wat dit oorsee in Europa en die VSA gebruik het. Tydens die bemarking van Oranjekas se debietkaart het verskeie lede aangedui dat hulle eerder 'n behoefte het aan 'n kredietkaart wat dus 'n oortrokke fasiliteit moet bied. Oranjekas het 'n produk ontwerp wat aan sodanige behoeftes voldoen teen 'n mededingende rentekoers.

Beide kaarte is MasterCard produkte en dus ook internasionaal aanvaarbaar.
Moet ook nie vergeet dat Kasfin as filiaal van Oranjekas versekeringsdienste verskaf nie. Elke aandeelhouers in Oranjekas is dus ook 'n medeaandeelhouers in Kasfin versekeringmakelaars.

Nuwe banktariewe

Oranjekas het sy bankfooie vir die afgelope vyf jaar onveranderd gehou. Dit word soos volg aangepas vanaf 1 Maart 2018:

° Op alle rekenings word 'n maandelikse fooi van R25 gehef.

° Die normale transaksiefooi van R10 per transaksie word afgeskaf en transaksies is dus gratis, behalwe op die 48-uur kennisgewing-produk waar die fooi van R20 nou verlaag word na R10.

° Spaarrekenings wat vir drie maande onaktief is se rente word met 1.5% verlaag, maar daar word geen maandelikse fooi daarop gehef nie. Die nuwe rentekoers per jaar op 'n onaktiewe spaarrekening met 'n saldo onder R10 000 is 2% en op R10 000 of meer 3%. Sodra 'n onaktiewe spaarrekening weer gebruik word, verskuif dit na aktiewe rekenings waar die

☎ 012 754 5454 kontak@oranjekas.co.za Collinslaan 1241, Môregloed 0186

maandelikse heffing R25 is en geen transaksiefooie gehef word nie en die 1.5% hoër rentekoers weer van toepassing is.

Oranjekas se bankdienste bly steeds van die mees mededingende aangesien daar nie ander versteekte kostes is nie. Sommige banke adverteer gratis bankdienste aan ouer persone maar dan moet daar 'n minimum bedrag op die rekening gehou word wat nie rente verdien nie. As die renteverlies in aanmerking geneem word is dit heelwat meer as die R25 heffing van Oranjekas.

Lede bepaal die sukses

Daar word tans aan nuwe produkte oorweging geskenk waarby ons lede baat sal vind en waarop daar later meer inligting gegee sal kan word. Van die produkte sal ook bydra dat lede se elektroniese bankdienste vergemaklik word.

Positiewe kommentaar van ons lede word ook steeds verwelkom om ons dienste te verbeter

Oranjekas se direksie, bestuur en personeel wil weereens hulle dank en waardering uitspreek teenoor die koöperasie se aandeelhouers vir die ondersteuning in die bereiking van die ideale om Oranjekas die voorste koöperatiewe bank in die land te maak.

Gee my 'n bank wat bankvas staan
met wortels wat diep in ons bodem gaan;
'n bank wat ons heel oudste bankstatus hou,
'n bank wat 'n man in sy hart kan vertrou;
'n bank hier gebore-beginselvas,
'n bank wat 'n Boer se geaardheid pas;
gee my die staatmaker-bank,
hier geanker, gegrondves al honderd jaar lank;
die Bul onder die Banke-waarborgsterk in sy stand,
die baanbrekerbank in 'n baanbrekerland;
so eie aan ons soos die "Vrystaat"-kreet
as 'n Springbok sy drie oor die doellyn meet.

G A Watermeyer (1917-1972)

☎ 012 754 5454 kontak@oranjekas.co.za Collinslaan 1241, Môregloed 0186